

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Rugby agter die pale

Die huidige krisis en strydgesprekke in die GKSA is onlangs in Die Kerkblad met die metafoor van rugby beskryf. 'n Verskynsel wat 'n mens in die besonder van die vroeër jare onthou, was dat die seuntjies agter die pale hulle eie wedstryd gespeel het, terwyl die manne van die hoofwedstryd rustyd hou. Die veronderstelling is dat hierdie metafoor wil sê: Sommige van die outjies wat allerhande rimpeltjies onder die kerke aanwys en bespreek, is eintlik maar net met hulle eie speletjies agter die pale besig. Hulle gaan die hoofsaak verby - en hulle sal ook hoegenaamd geen bepalende deel aan die hoofspel hê nie.

In die huidige kerklike situasie, in Suid-Afrika en internasionaal, is die volgende vrae van belang:

- Wat is eintlik die hoofwedstryd?
- Wat is die verskillende eie speletjies agter die pale?
- Watter plek neem die toeskouers op die pawiljoene by al hierdie gebeure in?

Sal ons dit aandurf om versigtig tussen hoofsaak en bysaak, tussen sentrum en periferie, tussen die eintlike wedstryd en die irrelevante speletjies agter die pale, te onderskei? Of sal ons post-modernisties ankerloos saamspeel en sê: die waarheid oor hierdie saak is seker maar die waarheid wat elkeen vir homself en vanuit sy eie konteks vir homself geskep het?

In die GKSA glo ons dat die sentrum en wese asook die waarmerk van kerkwees daarvoor gaan dat ons deur Christus vergader is en daarom aan Hom gehoorsaam moet wees. So moet ons in gemeenskap met God asook in gemeenskap met mekaar lewe. Die (wed)stryd (Efesiërs 6:12) is gerig teen alle bese magte wat hierdie wese en diepste waarmerk van die kerk bedreig. Judas het dit kortliks verwoord: Ek het die noodsaak gevoel om julle deur my skrywe op te roep om hard te stry vir die (binding aan die) geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die wat God vir Homself afgesonder het (Judas vers 3). As ons dit vanuit die omarming van Genesis en Openbaring moet bely: Dit gaan oor die heilshistoriese vyandskap tussen die vrou en haar na-Saat, en die slang (Genesis 3:15); die stryd tussen die vrou wat die Messias-kind van haar verlossing gebaar het, tesame met haar nakomelinge, en die vuurrooi draak en sy afvallige sterre (Openbaring 12). Dit gaan oor die heilshistoriese ontvouing van die antitese tussen Babilon en Jerusalem, tussen die prins van Babilon en die Koning van Jerusalem. Hierdie stryd is die weg waarlangs God sy oorwinnende koninkryk laat kom, sy kerk vergader, sy skepping herskep en sy Naam verheerlik. Die Bybel openbaar aan ons dat hierdie die 'hoofwedstryd' van die eeue is. Die minimum-raam, waarvoor

daar onder die 'span' van God geen verskil mag wees nie, is wat ons in die Drie Formuliere van Eenheid as 'n samevatting van die leer van die Ou en Nuwe Testament bely.

Parate kerkwees waarvoor ons in dié hoofstryd geroep is, betrek die suiwer hoorbare bediening van die Woord, die suiwer sigbare bediening van die Woord en die suiwer dissiplinerende bediening van die Woord (NGB art 29). Dit alles bring die gelowiges tot egte aanbidding van God. Wanneer die kerk nie meer hiermee besig is in haar stryd teen die bese liste van die duiwel nie, het sy waarskynlik na verskeie ander posisies op die veld verskuif: óf heimlik op die veld na die kant van die vyand, óf dalk na die koelboks agter die pale, óf na die veilige zone van die pawiljoene met sy juigende skares, óf sy speel haar eie speletjie in pousetyd agter die pale. Sou dit wees dat ons mense-eendrag soek, 'n korporatiewe kerkstruktuur met sinodale uitsprake wat daaraan meer mag en gesag toeskrywe as aan die Woord van die Here, dan is ons nie meer met die eintlike stryd besig nie, maar is ons reeds deur die vyand geëskaap.

Om te weet of ons onder aanvoering van Christus teen die magte van die bese besig is, moet ons die soekvraag antwoord: Is jy besig om die Woord van Christus te bewaar of is jy besig om dit te versmaai? Is jy doenig

INHOUD

1 Redaksioneel
Rugby agter die pale

2 Skrifoorndenking
Die oorlog van die eeue
Dr JG Meijer

3 Fokus
Sentrum en periferie in die eksegese
Prof GJC Jordaan

5 Op die kerkerf
Semper reformanda?
Altyd reformeer?
Dr VE d'Assonville

8 Aktueel
Evaluering van die Belharbelydenis (3)
Ds T Danzfuß

10 Persskou
• **Nuwe agenda vir die kerk**
• **Missie en misie**
Ds GJ Meijer

onder die aanvoering van Christus of is jy doenig met jou eie agendas en eie besluite? In artikel 29 van die NGB het Guido de Brès die sentrum van die eintlike stryd tussen Gereformeerde en Rooms aangewys.

Hoe word die karakter van die hoofstryd wesentlik geraak? Vra dan na die geaardheid van die godsdienmentaliteit wat besig is om in die kerke na vore te kom en gekweek te word. Die apostel Paulus het die groot verskil reeds aangewys toe hy gesê het dat daar mense sal wees wat meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God sal wees. Met ander woorde: die wil en strewe van die begerende mens met sy kontekste kom in die plek van gehoorsaamheid aan die Woord en dikteer die kerkinrigting. Dit raak die kerk se paraatheid en strydvaardigheid regstreeks as ons veranderings by die voeding aanbring - as ons begin om die onvervalste melk van die Woord af te room en die biesmelk vir die varke te gooi. Erger, wanneer ons die gesonde dieet van die spelers gaan vervang met gekruide arseen. Dáár kom dit wesentlik op neer met die vrymoedige beskikbaarstelling van die 2001-omdigting vir gebruik in die kerke. Is die Psalms wat God vir die kerk gegee het dan nie die gebedsgees en hart van die strydende kerk nie? Is die Psalms nie die stryd- en lofliedere van die volk van God nie? Die 2001-omdigting het die Messias, die eintlike Aanvoerder van die stryd, uit die kerke se strydliedere verwyder. Ons moet Psalm 110 byvoorbeeld verstaan soos die Ou Testamentiese hoorders dit

verstaan het. So ingeperk is dit 'n onskriftuurlike uitgangspunt, veral as ons in ag neem wat die apostel Paulus in 2 Korintiërs 3:14-16 oor die begrip van die Ou Testamentiese hoorders skryf: 'Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem'. Watter spel (die hoofspel of die spel agter die pale) is dit wat gespeel word wanneer die Aanvoerder se sê nie meer deel daarvan is nie?

Daar word 'n uitweg gesoek tussen fundamentalisme, rasionalisme en relativisme as bewese dwaalstromings omdat hierdie stromings die hoofspel van vandag se teologie beheers. Daar is heelwat -ismes wat nog hierby gevoeg kan word: gnostisisme, libertinisme, humanisme, modernisme, post-modernisme. Skokkend is dit wanneer op ankerlose wyse 'n uitweg gesoek word deur 'n potjiekos uit al die dwalings saam te stel - 'n praktyk wat juis neerkom op 'n keuse van een van die slaggate, naamlik die relativisme. Is die broeders en susters wat beswaard is oor die liedere wat sonder goedkeuring vir gebruik aanbeveel is en bekommerd is dat vroue by sinode 2006 tot alle besondere ampte verkiesbaar gestel kan word, eintlik met onbenullige sake (periferie-sake) besig? Daartéén kan gevra word

waarom die sinode hom dan met sulke sake sou bemoei. Het die sinode ook na die periferie agter die pale verskuif?

Sekerlik is daar so iets soos hoofspel en spel agter die pale. Dié wat hulle spel sonder die Leidsman speel is tot agter die pale gedoem (Johannes 15). Dié wat in gehoorsaamheid aan Hom kragtig word in die krag van sy sterkte en sy volle wapenrusting aantrek, word in staat gestel om in die ware worstelstryd alles te volbring en daarna steeds op hulle pos te wees (Efesiërs 6:10-20). Ons roeping is in 'n soortgelyke metafoor kragtig deur die Hebreërbrieffskrywer uitgedruk: 'Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie' (Hebreërs 12:1-3).

Begin mense hulle eie aanbidding ontwerp (en dit teologiese vooruitgang noem), dan is hulle oë nie meer navolgend gevestig op ons Leidsman nie. Dan is hulle later ook nie meer in die eintlike wedloop nie. Miskien agter die pale?

HLJM

SKRIFOORDENKING

Dr JG Meijer (1931- 2002)

Die oorlog van die eeue

Lees: Genesis 3:8-20

Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

God die HERE kondig vyandskap en daarmee oorlog aan. Die stryd woed onverpoos voort sedert die dag van die sondeval tot op die dag van die koms van die Here Jesus op die wolke.

In hierdie oorlog is daar twee partye, die slang en sy saad aan die

een kant en die vrou en haar saad andersyds. Genesis 3:15, wat as die moederbelofte of die eerste evangelie bekend staan, is 'n woord vol raaisels. Dit roep vrae op: Wie is die vrou? Wie is die slang? Wat word met altwee se saad bedoel? Wat beteken die woord kop? Watter sin het die woorde: jy sal hom in die hakskeen byt?

Die betekenis van hierdie teks word deur Godsopenbaring verduidelik. Die vrou, die manin uit die paradys, versinnebeeld die kerk van alle eeue

(Openbaring 12:1-6). Die groot draak, die ou slang, word duiwel en Satan genoem (Openbaring 12:9).

Die tweërlei saad is die geestelike nakomelinge, die volk van die kerk en dié van die duiwel. Die kerk is die moeder van die gelowiges (Galasiërs 4:26). Deur die verkondiging van die Woord baar sy saad, kinders, nakomelinge (vgl Jesaja 53:10; 1 Korintiërs 4:14-17). Die slangesaad bestaan uit diegene wat hulle aan die kant van Satan skaar.

Die kerk se gelowige lidmate soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid (Lukas 12:31) op alle lewensterreine. Hulle gebruik die swaard van die Gees, dit is die Woord van God (Efesiërs 6:17), teen almal wat die HERE nie vrees en dien nie, binne en buite die kerkmure.

Hulle weier om sleg goed te noem en goed sleg, duisternis lig te maak en lig duisternis (Jesaja 5:20). Lewende lidmate van die kerk openbaar hulle geloof in die werke (Jakobus 1:22; 1:26). Daarom haat die wêreld hulle (Johannes 15:18-19; 1 Johannes 3:13).

Die wapens wat die duivel en sy trawante hanteer, kom hierna ter sprake in die gedeelte oor die vyande van die HERE in die geskiedenis.

Ons teks openbaar verder die verloop en die uitslag van die stryd van die eeue. Die vrouesaad sal die kop van die slang vermorsel. Die woord kop het in die oorspronklike Bybeltale, net soos in Afrikaans 'n hele aantal betekenisse. Die Bybel praat onder meer van hoofde van stamme (Numeri 1:16; Deuteronomium 1:15) en van Christus as die Hoof bo alle dinge (Efesiërs 1:22; Kolossense 2:10) en die Hoof van sy gemeente (Efesiërs 5:23; Kolossense 1:18). In weermagterme beteken kop of hoof die opperbevelhebber. Die kop van die slangesaad het in Genesis 3:15 die betekenis: die algehele leier daarvan, Satan.

Die stryd van die Heiland en sy volk is veral gerig teen die duivel, die aanvoerder van die slangesaad. In

die begin van sy ampswerk word Christus al met hom in die woestyn gekonfronteer. Drie maal verslaan Hy sy teenstander wat Hom versoek (Matteus 4:1-11). Ons moet onthou: Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie. In en agter vyandige mense staan aan die oorkant van die front sterker magte, naamlik die bose geeste in die lug (Efesiërs 6:12).

Christus het deur sy dood en opstanding Satan regtens oorwin. Die duivel mag nie meer - soos hy in die dae van Job nog kon doen (Job 1:6) - in die hemel verskyn nie (Openbaring 12:8). Nietemin het hy nog groot krag (Openbaring 12:13-15). Eers by die koms van die Here word die kop van die slangesaad verpletter. So sê die profetiese Woord. Die God van vrede sal spoedig die Satan onder julle voete verbrysel (Romeine 16:20). Dié belofte is vertroostend en versterkend. Die eindoorwinning kom.

Wat nog moet kom, het ons nog nie. Ons staan vandag aan die front. O volk, ken jou teenstander. Wees bewus van die geskiedenis. Leer jou gedugte vyand uit die Skrif en uit die geskiedenis van die kerk ken. Kry visie op die sataniese taktiek deur alle eeue. So sal jy krag ontvang om staande te bly.

Ons teks sluit af met die woorde: Die slang en sy volgelinge sal die vrouesaad in die hakskeen byt. Hakskeen beteken in weermagterme: die agterhoede (Genesis 49:19; Josua 8:13). Die hakskeen is in die verband van Genesis 3:15 die soldaat wat in die opmars agter raak. Die HERE

waarsku die vrouesaad: Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie (Hebreërs 12:15).

Dit kan al in die jeugjare begin: Minimale aandag vir katkisasie, nalating van persoonlike Skrifonderzoek en gebed, geringe bywoning van eredienste, nie konsekwent voor die aangesig van die HERE wandel nie (Genesis 17:1). Pas op, sê ons God. Dié wat agterbly, val Satan ten prooi.

Die oorlog van die eeue is die stryd van die HERE. God wat liefde is (1 Johannes 4:8,16), stel vyandskap. Uit Selfliefde en liefde vir sy Woord haat die HERE almal wat Hom weerstaan en sy evangelie verag. In die oorlog van die eeue roep Hy ons om in dié gesindheid te stry.

Persoonlike vyandskap duld Hy nie. Christus sê: Julle moet jul vyande liefhê (Matteus 5:43-44). In dieselfde prediking betitel Hy hardnekkige ongelowiges as onreine diere: honde en varke (Matteus 7:6). Met die woord van Genesis 3:15 striem Hy kerkleiers wat die Woord van God verdraai. Hy noem hulle slange, addergeslag (Matteus 23:33; vgl Psalm 1:1; 139:19-22).

Die moederbelofte, die eerste evangelie, gee aan die volk van God 'n moeilike opdrag. Dit stel soldate aan die front in die spervuur. Die HERE belowe nie aan ons 'n rustige lewenssee nie, maar wel 'n veilige hawe. Die eindoorwinning is seker. Daarin deel almal wat uit geloof lewe en die vyandskap aanvaar wat God self na die sondeval gestel het.

FOKUS

Prof GJC Jordaan, Potchefstroom

Sentrum en periferie in die eksegese

Die begrippe 'sentrum' en 'periferie' word dikwels in teologiese gesprekke genoem. In dogmatiese gesprekke oor Skrifbeskouing word dan gevra na die sentrum (kernboodskap) van die Skrif as geheel. Wanneer dit kom by Skrifverklaring is die vraag na die sentrum (kernboodskap) van 'n bepaalde Skrifdeel (perikoop, teks) weer van groot belang.

Sentrum en periferie van die Skrif in die kerkgeskiedenis

Hoewel die begrippe 'sentrum' en 'periferie' tipies aan die twintigste en een-en-twintigste eeu is, het die vroeë kerkvaders reeds geworstel met die vraag na die sentrale Skrifwaarhede. In die kerk se stryd teen dwaalleer was dit nodig om die gesonde leer kort en kernagtig te formuleer. So het

die Apostoliese Geloofsbelijdenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius gestalte gekry. Met hierdie belydenisskrifte het die kerk aangedui wat hulle as sentrum van die Skrif beskou.

Tydens die Reformasie van die sestende eeu is daar weer besin oor die sentrale waarhede van die Skrif. Luther en Calvyn het saamgestem

dat Christus die sentrum van die Skrif is. Tog was daar 'n klemverskil. Vir Luther het die christologiese sentrum gegaan net oor ons verlossing in Christus; Calvin het dit egter so gesien dat Jesus Christus die sentrum is van die openbaring van kennis van God.

Vanuit sy siening van die Skrifsentrum het Luther sy Skrifondersoek daarop toegespits om uit te kom by ons verlossing en regverdigmaking in Christus. Jesus Christus is die doel, die intensie, die gerigtheid van die geskrewe Woord. Vanuit hierdie beskouing van die evangeliese sentrum het Luther allerlei kritiek op dele van die Bybel uitgeoefen. So het hy byvoorbeeld vir 'n lang tyd die Jakobusbrief as 'n 'strooibrief' beskryf.

Luther se leerlinge het egter verder gegaan as hulle leermeester. Waar hy Christus se verlossingswerk as sentrum van die Skrif benadruk het, het sy latere volgelinge alles wat nie by hierdie evangeliese sentrum inpas nie, as periferie bestempel en eenkant toe geskuif. Die onderskeid tussen sentrum en periferie het by hulle dus geleidelik tot die idee van 'n kanon binne die Kanon.

Calvin het die kernboodskap van die Skrif egter elders gesien as Luther. Calvin het benadruk dat God die Bybel aan ons gegee het sodat ons Hom daardeur kan leer ken. In God se Selfopenbaring staan Christus inderdaad sentraal. Omdat God Hom juis in Christus as vleesgeworde Woord openbaar, staan Christus in die sentrum van die Skrifopenbaring. Calvin handhaaf dus ook, net soos Luther, 'n christologiese sentrum van die Skrif, maar sonder om die aksent op die verlossing te plaas. Calvin se christosentriese benadering is dat die mens in en deur Christus tot kennis van God se heerlikheid kom. Hy het dus eerder 'n teosentriese-christologiese benadering, of 'n christosentriese-teologiese benadering.

Vir Calvin is die uiteindelijke doel van die Skrifopenbaring om God te ken en sy Naam te vereer. Hoewel Christus die sentrum van die Skrif is, verplaas dit nie Skrifdele wat nie direk van Hom getuig na 'n (negeerbare) periferie nie. Inteendeel, elke Skrifdeel is belangrik ten einde ons by Christus uit te bring sodat ons God deur Hom kan ken en Hom kan verheerlik. Gevolglik is daar by Calvin geen gevaar van 'n kanon binne die Kanon nie.

In die twintigste eeu is hierdie beskouing van 'n teosentriese-christologiese benadering in die Gereformeerde teologie voortgedra deur H Bavinck en GC Berkouwer. Berkouwer stel dit duidelik dat die handhawing van Christus as sentrum of skopus van die Skrif nie beteken dat vorm en inhoud van mekaar geskei word, so asof die vorm (wat daar geskrywe staan) opsy geskuif moet word ten einde na die eintlike kern-openbaring (Christus) deur te dring nie. Hy wys op die gevaar om Christus oral - in elke teks of perikoop - te probeer 'ontdek'. Tog, al kan Christus nie in elke teks aangewys word nie, is elke teks deel van die Skrifopenbaring met sy teosentriese-christologiese sentrum.

Die woorde van die apostel Paulus in 1 Korintiërs 2:2 gee 'n duidelike aanduiding van die skopus van die Skrif. Paulus het hom naamlik voorgeneem 'om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde'. Daarmee sê hy dat alles wat hy geskryf het, Christus as sentrum het. Dit geld ook vir die dele waarin Christus nie direk aangewys kan word nie. Die onderskeid tussen sentrum en periferie steun hoegenaamd nie 'n tweeledige Skrifbeskouing, so asof sekere tekste as minder belangrik of selfs as oorbodig beskou word nie. Dit beteken slegs dat sekere Skrifdele skerper op Christus gefokus is as ander.

Sentrum en periferie van 'n teks

Uit bogenoemde is dit duidelik dat elke Skrifdeel deel uitmaak van die heilsboodskap waarvan Jesus Christus in die sentrum staan. Daarom kan daar nie onderskei word tussen tekste wat van Christus getuig en tekste wat nie van Hom getuig nie. Veel eerder kan daar onderskei word tussen tekste wat skerper op Christus gefokus is en die wat nie so skerp op Hom gefokus is nie.

So kan daar ook in elke Skrifdeel onderskei word tussen sentrum en periferie. Hoewel die sentrum van elke teks nie losgemaak kan word van die sentrum van die Skrif as geheel nie, kan dit ook nie sonder meer daaraan gelykgestel word nie. Hoewel elke teks op een of ander wyse aan die teosentriese-christologiese Skrifsentrum verbonde is, het dit ook 'n eiesoortige fokus

op die openbaringsentrum van die Skrif. Juis daardie eie fokus vorm die openbaringsentrum van elke teks.

Daarom is daar in elke Skrifdeel 'n sentrale openbaringsfokus wat as sentrum, en omliggende dele wat as periferie getipeer kan word. Van Bruggen (*Het lezen van de Bijbel*, Kampen, 1981:96) verkies om te verwys na hoofsaak en bykomende sake. Al is die sake wat op die periferie staan, bykomend van aard, is dit allermins oorbodig, want op een of ander wyse hou dit verband met die sentrum van die Skrifgedeelte. So 'n sentrum kan slegs 'sentrum' wees juis omdat dit deur die perifere sake ondersteun en geaksentueer word. Daarom moet die periferie van 'n teks nie beskou word as dit wat op 'n afstand staan of geplaas kan word nie, maar slegs as dit wat nie self in die sentrum staan nie.

Die verhouding tussen sentrum en periferie

Dit blyk dat die indikatief van die Skrif tot 'n groot mate ooreenkom met wat gewoonlik as die sentrum van die Skrif beskou word. Die geopenbaarde werklikheid waarin Jesus Christus sentraal staan, 'n werklikheid wat sê Wie God is, wat Hy doen en wat Hy vir ons en in ons doen is immers die indikatief van die Skrifboodskap. Hierdie indikatief staan ook sentraal in die doel van die Skrifopenbaring, soos bely word in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelofte, naamlik dat God Hom deur sy Woord aan ons bekend maak, 'en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort'.

Die doel van die Skrifopenbaring is egter nog meer omvattend. Dit omvat ook die imperatief wat preskriptief in die Skrif aan ons geopenbaar word, naamlik die bevel of die eis van God aan die mens, of soos artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelofte dit noem: 'die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word'. Skrifdele wat God se imperatief aan ons openbaar, is Skrifdele wat met normatiewe gesag spreek.

Dit is egter nie net imperatiewe (preskriptiewe) tekste wat met normatiewe gesag getuig nie. Ook die indikatief-tekste spreek met normatiewe gesag. Die Skrifdele

waarin God aan ons bekend maak wat ons oor Hom en sy skepping moet glo, is immers ewe normatief as die dele waarin Hy bekend maak wat ons moet doen en dink (vgl S Greijdanus, *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring*, 1946:120).

Skrifdele wat nie in die sentrum staan nie (en dus as periferie beskryf kan word) staan nie los van die sentrum nie, maar is bykomstig en ondersteunend daartoe. Hierdie Skrifdele spreek met historiese gesag van sake wat juis die nodige toeligting en inligting gee om die

Openbaringsentrum van die Skrif des te beter te begryp. Aangesien die term 'periferie' egter die indruk mag skep van iets wat verwyderd staan of onbelangrik is, is dit myns insiens beter om in die hermeneutiek eerder die term 'bysaak' te gebruik (vgl Van Bruggen, 1981:96). Ten einde verwarring te voorkom met die sentrum (skopus) van die Skrifopenbaring, is dit myns insiens ook beter om in die Skrifeksegese nie na die sentrum (skopus) van die teks te verwys nie, maar na die fokuspunt of die hoofsaak.

Samevattend

Dit blyk dat die begrippe 'indikatief' en 'imperatief' so in die hermeneutiek gebruik kan word dat indikatief na die Skrifgeopenbaarde werklikhede waarin ons *moet glo*, verwys, en 'imperatief' na die Skrifgeopenbaarde werklikhede wat ons *moet doen*. Verder kan daar in die hermeneutiek onderskei word tussen fokuspunt en bysaak binne 'n afgebakende Skrifdeel (teks). Die fokuspunt van 'n teks kan óf indikatief óf imperatief wees, na gelang van die aard van die betrokke teks.

OP DIE KERKERF

Dr VE d'Assonville, Colesberg/Philipstown

Semper reformanda? Altyd reformeer?

*Is die nuwe teologie in ons kerke nog reformatories?
'n Paar teologiese opmerkings¹*

'Teorie en praktyk'

Ons teologiese mark word met literatuur uit die stal van die 'praktiese teologie' oorspoel. Dat ons hier met 'n wêreldwye tendens te doen het, ly geen twyfel nie. Dat in Suid-Afrika weinig teologiese en ensiklopediese oor hierdie neiging en tendens nagedink word, is ongelukkig ook waar. Ons beleef tye waarin - in die woorde van 'n Nederlandse teoloog (byna 20 jaar gelede) - die praktiese teologie die sistematiese teologie (en feitlik die hele teologie) insluk. Die noodlottige skeiding tussen teorie en praktyk ('n post-Kantiaanse erfenis, op sigself in stryd met ons belydenis en met die Reformasie en Gereformeerde as sodanig) wreek hom op gereformeerde teologie wat histories nooit iets anders as 'n Woord-van-God-teologie was en wil wees nie. Wanneer die gereformeerde teologie en die eenheid daarvan in die gedrang is, raak dit die kerk ten diepste omdat die gereformeerde teologie nog altyd diensbaar aan Christus en sy kerk wou wees.

'Semper reformanda' en enkele begrippe

Ofskoon *semper reformanda* deesdae as sinoniem vir verandering gebruik

word, of selfs 'n handige kapstok geword het om al wat anders of vreemd is (byvoorbeeld Anglikaans of Rooms) in kerke in te voer, moet daar duidelik rekening gehou word met die konteks van sowel 'Reformasie' en '*semper reformanda*' as dié van die begrip 'nuut' binne die 16^{de}-eeuse Reformasie.

Reformasie was in sy wese, van die begin af, verstaan as die herstel van die kerk deurdat daar teruggegryp word na 'n bepaalde maatstaf, die bronne (*fontes*). Vir die reformatore was dit vanselfsprekend: dié Bron (*fons*) was die Skrif as Woord van God. Reeds by Zwingli was daar sprake van die skep uit die *fontes* (bronne) van die suiwer Evangelie as die anker tot die *reformatio* en behoud van die christelike godsdiens, waarmee ooreenstemming met Augustinus se gebruik van die begrip gevind is. Ook by Calvyn is die wesenlike van gereformeerde dat dit reformasie is volgens die eis en maatstaf van die Evangelie. Soos wat die (latere) uitdrukking *ecclesia reformata semper reformanda* ('n gereformeerde kerk moet [altyd] reformeer) nooit losgemaak kan word van die begrip 'reformasie' soos gebruik in die sestiende eeu nie, was dit vir die reformatore nie eers 'n vraagstuk nie:

daar kan nie so iets soos *reformare* of *reformanda* wees indien dit nie direk op die Skrif as Woord van God berus nie. Dáárom veronderstel hierdie uitdrukking ('n gereformeerde kerk moet [altyd] reformeer) noodwendig die byvoegsel: *ad fontes* (= terug na die bronne). Reformasie is geen reformasie as dit nie uitsluitlik is om terug te keer na die Woord van God as dié Bron nie.

Nuut

Die modewoord 'nuut' (nuut gedink oor die kerk, nuut gedink oor 'gereformeerde', en so meer) versier die titels wat pryk op teologiese publikasierakke. Dit mag goed op die oor klink. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die beskuldiging aan die Protestante van Roomse kant af - histories in die 16^{de} eeu, maar ook vandag - spesifiek is dat hulle met iets 'nuuts' wou kom; dat ons 'nuut' glo - met ander woorde dat ons (die Protestante) afwyk van die algemene (katolieke) geloof van die Vroeë Kerk.

¹ Uittreksels uit 'n referaat, gelewer tydens 'n teologiese konferensie aangebied deur die NG Kerk Philadelphia en die NG Kerk Tafelberg op 1 & 2 Junie 2005. Die gedeelte van die referaat wat oor 'gemeentebou' handel, is nie hierby ingesluit nie (sien hieroor onder andere: *Woordverkondiging en die opbou van die kerk by Calvyn, Waarheid & Dwaling*, Mei 2004, p 7).

'n Kort blik in Calvyn se brief aan Koning Francois I van Frankryk, wat by al die uitgawes van die *Institusie* vooraf bygevoeg is, wys hoe heftig die reformatore hulle teen hierdie beskuldiging van 'nuut' verweer het. Trouens, die heel eerste argument van die Roomse teenstanders van die Reformasie waarteen Calvyn 'n verdediging aanvoer is, is juis hierdie bewering: 'Hulle noem dit [die gereformeerde *doctrina*] nuut en nuut opgemaak (opgedis)' (Calvyn, OS III,14,29).

Calvyn se weerlegging van hierdie Roomse beskuldiging is helder en duidelik: 'Wanneer die teenstanders die reformatoriese *doctrina* (belydenis/verkondiging) nuut noem, beledig (laster) hulle op die ergste wyse God, wie se Woord dit nie verdien om van nuutheid beskuldig te word nie. Calvyn vervolg verder dat hy weliswaar geen oomblik betwyfel dat die reformatoriese *doctrina* (verkondiging) vir diegene nuut is, vir wie ook Christus en sy evangelie nuut is. Wie egter weet dat die prediking van Paulus deur en deur oud is, sal by die Protestante (gereformeerdes) niks nuuts, geen nuwe *doctrina*, ontdek nie' (Calvyn, OS III,15,13-15).

Transformasie of reformasie?

Die vraag kom na vore: Sny die aanspraak om 'nuut' te wil wees nie die band met die Reformasie en daardeur met die Woord, waarop die Reformasie teruggegryp het, deur nie? Anders gestel: Word die *semper reformanda* nie noodwendig losgemaak van die *fontes* nie, deurdat dit aan transformasie eerder as reformasie verbind word? Hoe teologies houdbaar is dit om die Bybelse eis van wedergeboorte met transformasie te vertaal en te transponeer na die gemeente(-s) wat ook getransformeer moet word?

Wanneer van die opbou van die kerk gepraat word in verbinding met reformatoriese teologie, dan veronderstel dit noodwendig gemeentebou met Christus as hoeksteen. Met ander woorde dit is gemeentebou *vanuit* en *op* die Woord en die gereformeerde belydenis (oor onder meer Christus as Hoof van die kerk en sy Woord en Gees waardeur Hy bou). Enige ander vorm van gemeentebou het noodwendig ook belydenisvertrekkende - indien nie die gereformeerde belydenis nie, dan

wel ander (byvoorbeeld Arminiaanse, Roomse, Pentekostalistiese uitgangspunte).

Woord en Gees

Daar word in die 'nuwe teologie' (om die begrip van die konferensietema te gebruik) aan die een kant baie gemaak van die saak dat dit ten eerste aan die Skrif gebonde wil wees.² Aan die ander kant word die rol van die Heilige Gees baie sterk beklemtoon.

Vanuit die gereformeerde belydenis en teologie wil 'n mens beide, die klem op die Woord en die klem op die werk van die Gees, instemmend verwelkom. Word dit egter meer onder die vergrootglas geplaas, dan kan die vraag gestel word of hier nie (met die uitsondering van enkele opmerkings hier en daar) 'n wesentlike aspek van die gereformeerde belydenis, die gereformeerde geloof en uiteraard die gereformeerde teologie opvallend en in 'n groot mate ontbreek nie, naamlik die direkte verband tussen Gees en Woord - 'n toetssteen vir die beoordeling van die 'nuwe teologie', spesifiek met verwysing na die gemeentebouteologie. Die skeiding van Gees en Woord het immers rampspoedige gevolge vir die kerk, soos onder andere breedvoerig deur Calvyn in sy brief aan Sadoletus aangespreek word. Dit hang saam met die belydenis dat die kerk (gemeente) die kerk van Christus is en moet wees.

Prof Willie Jonker verwoord hierdie sentrale element van gereformeerde - wees en gereformeerde teologie in sy boek oor die Heilige Gees (Die Gees van Christus) ook baie duidelik, wanneer hy onder meer sê:

'Luther, Zwingli en Calvyn het elkeen op sy eie wyse teen die Wederdopers gestry. Hulle het aangevoel dat die verbreking van die eenheid tussen die Gees en die Woord die kerk opnuut sou lei op die weg van 'n normlose mistiek en die verlies van die evangelie. Wanneer die Gees van die Woord losgemaak word, word Hy in prinsipe ook van Christus losgemaak en van die historiese openbaring van God in Christus. Daarteenoor het hulle nooit moeg geword om te beklemtoon dat die Gees juis die evangelie aan ons oordra nie. Die evangelie soos dit in Christus geopenbaar is, is afgeslote en word in

die kanon van die Heilige Skrif eens en vir altyd betuig. Daar kan niks bygevoeg word nie. Die Gees voeg ook geen nuwe openbaringe daaraan toe nie, maar neem uit wat aan Christus behoort en deel dit aan die gelowiges mee'.

Jonker bevind hom natuurlik in die lyn van Calvyn, wanneer laasgenoemde aan Sadoletus sê: 'Die belofte van die Heilige Gees aan ons is nie gegee om nuwe leer te openbaar nie, maar om ons te bind aan die Waarheid van die Evangelie [= Woord]' (Calvyn, OS I,465).

Hierdie grondfout, die skeiding van Woord en Gees slaan in ons kerklike lewe op onder meer die volgende wyses deur:

- Die idee dat die Gees aan die 'kerk' (sinode, kerklike kommissies, ens) gegee is, sonder finale binding aan Christus deur sy Woord (vergelyk wat ons in hierdie verband, in artikel 29 NGB oor die valse kerk bely, naamlik dat dit aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God).
- Die gedagte dat die Gees aan individue gegee word ('die Here het aan my gesê ...' of 'die Gees het my gelei ...' of, soos 'n kerklike leier onlangs gesê het: 'Ons glo die lidmate het ook die Gees ontvang') sonder uitdruklike binding aan Christus deur sy Woord. Ook die opmerking wat ons deesdae dikwels hoor en lees, dat daar 'visionêre leiers' sou wees, aan wie die 'gawe' gegee sou wees om 'die plan van God beter te verstaan', is 'n voorbeeld van nie slegs die negering van die amp van die gelowige nie, maar ook die skeiding van Gees en Woord.

In beide gevalle word die Woord van God onderdruk - enersyds deurdat die gesag van die kerk (sinode) beklemtoon word, of andersyds deur die klem (op subjektiewe, gevoelsmatige, piëtistiese wyse) op die gesag van individue (hetsy predikante of lidmate) te plaas (vgl Calvyn, OS I,465).

Die implikasie is aangrypend en ingrypend: waar die Woord van

² "... die NG Kerk [is] 'n kerk wat by die Bybel wil bly. 'Mense wat sê dis nie so nie, praat nonsens.'" (C Burger in Jackson, N 2005. NG Kerk: Gesprek oor diversiteit nodig. *Burger*, Saterdag 12 Maart 2005, p 13).

die Here nie meer die prismaat (belangrikste plek) het nie - of dit in eredienste is of in die teologie (ook die gemeentebouteologie) en of dit in kerklike vergaderings is of in ons persoonlike lewe - daar word die Gees van Christus weerstaan (1 Tessalonisense 5:19,20). In plaas daarvan dat die mens deur die Gees en die Woord van God getransformeer word, wil ons die Woord van God deur die mens transformeer.

Die skeiding tussen die Gees van Christus en die Woord van Christus het nog verdere implikasies:

- Skeiding tussen teologie en Woordverkondiging (tussen teologie en prediking)
- Skeiding tussen kansel en kateder
- Skeiding tussen 'leer en lewe' (die ou, Roomse, Thomistiese genadenatuur-teenstelling)
- Skeiding tussen 'teorie' en 'praktyk'

Laasgenoemde hang natuurlik ten nouste saam met die versnippering van die teologiese ensiklopedie (dogmatiese/bibliologiese vakke teenoor praktiese teologie). Dit het het fatale gevolg, onder meer die onskriftuurlike teenstelling tussen die sogenaamde 'praktiese teologie' en die res van die teologie. Let wel: In die Skrif, in die Vroeë Kerk en in die Reformasie was die begrip 'leer' nooit doktrinêr nie. Daarom was eksegeese en dogmatiek ook nie geskei nie; die bibliologiese, dogmatiese en die pastorale vorm 'n eenheid - 'n beginsel wat hoegenaamd nie meer tot sy reg kom in die opleiding van ons predikante nie. Dit is nie toevallig dat die opbou van die kerk in die Reformasie direk betrek is op die verkondiging van die Woord nie: Christus bou sy gemeente en hou sy gemeente in stand deur sy Woord en Gees (HK, Sondag 21). Vir ons ampsbeskouing is hierdie belydenis ook deurslaggewend.

Teologiese agtergronde vir die skeiding tussen Woord en Gees

Reeds is daarop gewys dat resente publikasies oor die opbou van die kerk en openbare uitsprake baie maak van sowel die Woord as die Gees, maar dat daar deurlopend

die tendens gevind word dat dit geïsoleerd gebeur; 'n tendens dat Woord en Gees geskei word.³

Skotse Liberal Evangelicals

Die vraag is egter: Hoe kan hierdie skeiding tussen Woord en Gees teologies omskryf word? Lê die antwoord nie miskien op tweeklei vlak nie? Enersyds is daar die historiese invloed van die *Skotse Liberal Evangelicals*⁴ waar 'n verbintenis tussen 'n Skrifkritiese teologie en piëtistiese elemente by leidinggewende teoloë gevind word ('n mens dink aan iemand soos prof J du Plessis – van die Du Plessis-saak in Stellenbosch in die begin van die 1930's).

Daar is egter dalk ook (onbewustelik en selfs op onbekende wyse) 'n ander teologiese lyn, naamlik die Herrmann-(Bultmann)-Pannenberg-lyn (sonder om by hierdie geleentheid nog verder in te gaan op Schleiermacher).

Johann Wilhelm Herrmann

Onder invloed van wat as die *Lebensphilosophie* bekend gestaan het (met onder meer uiteenlopende filosofe soos Dilthey en Nietzsche as eksponente) het die Duitse teoloog Wilhelm Herrmann (1846-1922) die begrip van 'belewenis' (*Erlebnisbegriff*) tot 'n teologiese kriterium verhef. Volgens hom is die christelike geloof nie om leerstellings en dogmas as waar te aanvaar of om bepaalde heilsfeite te aanvaar nie, maar persoonlike ervaring van God en om innerlik deur die gewete oorweldig te wees ('persönliche Gotteserfahrung und inneres Überwundensein'). Hy onderskei tussen *Glaubensgrund* en *Glaubensgedanken*. Laasgenoemde - wat byvoorbeeld ons belydenisskrifte, maar ook talle dele van die Nuwe Testament sou insluit - is volgens hom nie bindend nie; alleen Jesus Christus, maar dan soos wat Hy vandag beleef kan word.

Die konsekwensies van hierdie gedagtes is duidelik. Die wyse waarop byvoorbeeld Bultmann later die teologie (sowel die sistematiese as die eksegetiese teologie) sou 'antropologiseer' (vermenslik) berus onder andere juis op die invloed van Herrmann en iemand soos Schleiermacher. Uiteraard geskied enige vorm van antropologisering

(vermensliking) ten koste van die Christologie (en van ons geloof in Christus as God).

Die skeiding tussen *Glaubensgrund* en *Glaubensgedanken* is egter nie iets wat tot Herrmann en sy Duitse twintigste-eeuse navolgers beperk is nie. Ook in die teologiese geskiedenis van Suid-Afrika het 'n soortgelyke verskynsel (hoewel op ander weë en nie direk in navolging of selfs kennis van Herrmann nie) na vore getree.

Hierdie skeiding tussen, aan die een kant klem op 'n Schleiermacheriaanse idee van subjektiewe ervaring (afhanklikheidsgevoel) en, aan die ander kant 'n vorm van 'n modernistiese rasonele benadering van die Skrif, duik in verskillende fasette van die hedendaagse Suid-Afrikaanse 'gemeentebou-teologie' op.

Die (bewustelike of onbewustelike) navolging van sowel Bultmann en Pannenberg (met in beide gevalle Herrmann op die agtergrond) word op 'n vreemde (antropologiserende) teologiese wyse gekombineer met sowel 'n evangelikaalse ('*evangelical*') Skrifbeskouing (waar die Arminiaanse verlossingsleer natuurlik ook teenwoordig is) asook 'n toenemende charismatisering van die kerke. Beide is subjektief en beide is 'n simptoom van die skeiding tussen Woord en Gees. Hier lê nog 'n groot veld vir verdere teologiese ondersoek.

Om sake te kompliseer, is dit nie slegs die Woord wat losgemaak word van die Gees nie, maar ook die verband tussen Skrif en Woord (NGB, artikel 3) word nie meer bely nie - wat hom natuurlik wreek op die Woordverkondiging en uiteraard op die opbou van die kerk. 'n Voorbeeld hiervan is die willekeurige loslaat van die eenheid van die Skrif, asof dit slegs oor 'tekste' gaan (ook die lees van die Ou Testament sonder die Nuwe Testament en vice versa) en 'n relativisering van ons belydenis, asof dit slegs 'ou geskrifte' is. Boonop word 'n skytteenstrydigheid tussen die

³ Op die kerkbegrip wat as grondslag vir sommige uitsprake dien (byvoorbeeld die Roomse Kerk wat as voorbeeld voorgelê word vir die behoud van 'eenheid' binne 'n eenheidsstruktuur, wat dan as 'kerk' omskryf word) word hier nie ingegaan nie.

⁴ Vgl RM Britz, Teologiese aantekeninge by die jubileum van 'ons Theologiese Seminarium' op Stellenbosch, 2004. In VE d'Assonville & EA de Boer, reds., 2004. *Ad fontes – Teologiese, historiese en wetenskaps-filosofiese studies binne reformatoriese kader*. Acta Theologica, Supplementum 5, p 217-249.

Woord van God en die God van die Woord gesuggereer (asof 'n mens in God kan glo sonder om sy Woord te aanvaar).

Slot

Die opbou van die kerk - 'n gereformeerde opgawe?

Op hierdie vraag kan ons net in die geloof, soos wat Christus dit in ons werk deur sy Woord en Gees, bely: In die eerste plek is die opbou van die kerk 'n gawe van ons Hoof, Christus, aan sy kerk (sy belofte). En dán is dit ook 'n opgawe (sy eis). Sy kerk móét gebou word - deur sy Woord.

Want, soos die Here in sy Woord bekendmaak: die kerk is die kerk van Christus, en dit is Christus wat bou ... deur sy Woord en Gees ... (HK, Sondag 21).

AKTUEEL

Ds T Danzfuss, NG Kerk Witfield

Evaluering van die Belharbelydenis (3)

Is die Belharbelydenis 'n gereformeerde belydenis?

In die eerste artikel (Mei 2005) het ons die Belharbelydenis aan die hand van sy oorsprong en agtergrond getoets. In die tweede artikel is aangetoon dat Belhar die draer van 'n vreemde teologie is. Sedert sy ontstaan het dit 'n bloedspoor van verdeeldheid in die kerk nagelaat. Nou bly daar nog een vraag oor: Kwalifiseer hierdie geskrif enigsins as 'n gereformeerde belydenis?

Enige persoon wat met die historiese agtergrond en teologiese inhoud van ons gereformeerde belydenisse vertrou is sal erken dat dit nie dokumente is wat lukraak en onnadenkend saamgeflans is nie. Gereformeerde belydenisse is goeddeurdeurde en noukeurig geformuleerde dokumente. Heyns en Jonker is reg as hulle sê: 'Die belydenisskrifte is immers die geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof van die kerk. Die kerk doen dit op geen onseker toon nie ... Dit wil niks anders wees nie as 'n gelowige en lofprijsende *repetitio Sacrae Scripturae* – 'n naspreek van die spreke van die Skrif' (*Op Weg met die Teologie*, p 200). In 'n ander bron sê prof Jonker: 'die Protestantse belydenisskrifte dra die karakter van omvangryke teologies deurdagte en noukeurig geformuleerde dokumente' (*Bevrydende Waarheid*, p 11). Hoe vergelyk die Belharbelydenis met die algemene kenmerke van 'n gereformeerde belydenis?

Is Belhar 'n *repetitio sacrae Scripturae*?

'n Gereformeerde belydenis se gesag is juis daarin geleë dat dit niks anders wil wees nie as slegs 'n gelowige naspreek van die Heilige Skrif. Die eerste vereiste is dus dat dit opkom vanuit 'n deeglike eksegese van die Skrif. Dit kan nie van Belhar gesê word nie. Daar is twee groot probleme met Belhar se Skrifhantering.

- Belhar gebruik belangrike Bybelse begrippe soos eenheid, versoening en geregtigheid maar vul dit dan met 'n heeltemal ander betekenis as wat dit in die Bybel het.
- Belhar se teksverwysings is bloot op die klank af gekies, sonder om erns te maak met die betekenis van die teks binne die konteks. Hier volg slegs enkele voorbeelde:
 - Lukas 16:19-31 wat gaan oor die ryk man en Lasarus, word gebruik om te bewys dat God op 'n besondere wyse die God van die armes en verdruktes is!
 - 2 Korintiërs 5:17-21 wat baie duidelik gaan oor die vertikale versoening tussen God en die sondaar word misbruik om die kerk 'n agent vir horisontalistiese versoening te maak. Die kerk se taak is suiwer sosialisties soos byvoorbeeld die wegneem van elke vorm van skeiding tussen rasse.
 - Efesiërs 2:11-22 praat van die middelmuur van skeiding tussen Israel en die heidene wat Christus kom wegneem het. Hierdie teks

word in Belhar gebruik om te bewys dat daar geen afsonderlike kerke mag wees nie, aangesien die rasse- en kulturele skeidslyne nou weggeneem is. Deeglike eksegese van die deel sal dalk eerder die teenoorgestelde bewys! Jy hoef nie eers 'n Jood te word om die ware God te kan dien nie.

Anders as die gereformeerde belydenisse is Belhar nie 'n betroubare naspreek van die Heilige Skrifte, *repetitio sacrae Scripturae*, nie.

Is Belhar 'n noukeurige geformuleerde belydenis?

Die gereformeerde belydenisse is so versigtig geformuleer dat dit die lyn tussen waarheid en dwaling duidelik en noukeurig trek. Dit is nooit 'n eensydige reaksiedokument wat slegs die een kant van 'n saak beklemtoon en die ander kant ignoreer nie. Belhar is presies die teenoorgestelde. In die *Ligdraer* van 16 Oktober 1986 word volledig gerapporteer oor die leiding wat dr G Bam en dr DJ Smit aan die sinode gegee het voor die finale aanvaarding van Belhar. Dit staan onder die opskrif: *Die Belydenis van Belhar 1986 – Enkele toeliggende gedagtes voor die aanvaarding*. Hierin erken dr Bam dat hierdie nuwe belydenis nie noukeurig geformuleer is nie. Hy sê: 'Die kommissie sou graag die Belydenis so wou formuleer sodat dit vir geen misverstand vatbaar is nie – veral rondom die enkele gedeelte wat binne hierdie vergadering omstrede is'. Dit was die deel wat sê dat God op 'n besondere

wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is.

'n Mens hoef nie ver te lees om te sien dat Belhar ook in verskeie ander opsigte nie akkuraat geformuleer is nie. Belhar moes so geformuleer word dat dit genoeg ruimte kon bied vir die ondersteuners van die swart- en bevrydingsteologie om hulself tuis te voel. In die *Statement of the Institute for Contextual Theology* wat tydens die Rustenburgeraad gemaak is, word die Belharbelydenis in een asem met die ander dokumente van die bevrydingsteologie genoem. 'We thank God that the prophetic voice, though vilified, condemned and discredited by other Christians, stayed alive through documents like The Kairos Document, The Belhar Confession, The Road to Damascus, Evangelical Witness ... through the joint witness of Church leaders who took to the street to stand for the truth in the face of repression.'

Die feit dat hierdie belydenis in een asem met die protesverklarings van die bevrydingsteologie genoem word, is genoeg bewys dat Belhar geformuleer is om op twee stoele te sit. Vir die gereformeerdes moet dit gereformeerd, en vir die bevrydingsteoloë na hulle taal klink. Dit is geformuleer om 'n soort huwelik te bewerk tussen die gereformeerde teologie en die bevrydingsteologie. Selfs dr Willem Nicol erken hierdie huwelik as hy sê: 'Therefore I would say that the Belhar Confession which combines Reformed Theology with elements from Liberation Theology, is a legitimate Reformed development'. Die feit dat hierdie huwelik nie vir Nicol pla nie, is natuurlik nie vreemd vir mense wat vertrou is met sy teologiese denke nie. Die Belharbelydenis kwalifiseer nie as gereformeerde belydenis nie, want dit is nie 'n noukeurig geformuleerde belydenis nie.

Kan Belhar op die *Quia*-standpunt onderteken word?

Hoewel die Hervormde Kerk 'n ander standpunt hieroor huldig, het die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nog altyd die Drie Formuliere van Eenheid onderteken op die *Quia*-standpunt, en nie op die *Quatenus*-standpunt nie. Ons onderteken dit nie maar net 'in soverre' dit met die Bybel ooreenstem

nie, maar juis 'omdat' dit met die Bybel ooreenstem.

By die sinode van 1986 het dr Bam gepleit dat die sinodegangers nie hulle steun vir Belhar moet terughou omdat die formulering daarvan misverstaan kan word nie. Sy woorde was: 'Dit gaan in die Belydenis nie om die klein woordjie hier en daar wat iets anders sou sê nie. Dit gaan om die saak.' Asof dit nie genoeg is nie, herhaal dr DJ Smit dit weer in sy toeliggende gedagtes: 'Juis daarom is dit belangrik dat mens die saak waarom dit in die belydenis gaan, van harte onderskryf, en nie spesifieke woorde of uitdrukkings nie. Oor woorde en uitdrukkings en oor die beste uitleg daarvan, kan daar altyd ruimte vir meningsverskil, aksente en gesprekke bly bestaan'.

Hoe kan mens nou so 'n belydenis op 'n *quia*-standpunt aanvaar, as selfs die skrywers daarvan erken dat die formulering dubbelsinnig is? Wanneer 'n gereformeerde lidmaat 'n belydenisskrif onderteken, aanvaar hy nie maar net die saak waaroor dit gaan nie. As dit die geval was sou ons byna enige belydenis kon aanvaar. Die sinode van Belhar was ten volle bewus dat baie sinodegangers hoogs ontevrede was met sekere formuleringe van Belhar. Al wat vir hulle belangrik was, was dat dit onderteken moet word as simbool van protes teen die saak van apartheid. Wanneer 'n kerk so ver daal dat akkurate formulering in sy belydenisskrifte nie meer belangrik is nie, dan is die waarheid vir daardie kerk ook nie meer belangrik nie.

Is Belhar 'n belydenis met 'n algemene (katolieke) karakter?

'n Gereformeerde belydenis is nie die privaatbesit van 'n enkele denominasie nie. Dit dra 'n katolieke karakter. Omdat die ware kerk, een heilige algemene (katolieke) kerk is, word sy ware belydenis ook algemeen deur gelowiges oor die hele wêreld aanvaar. 'n Gereformeerde kerk bely sy geloof saam met ander gelowiges oor die hele wêreld. Dit is waar van al drie ons Formuliere van Eenheid.

Die NG Sendingkerk het sedert sy ontstaan meer as 100 jaar gelede die gemeenskaplike belydenis van die ander gereformeerde kerke aanvaar as die ware en volkome leer van die

saligheid. Hulle het alles verwerp wat daarmee in stryd is. In 1982 het hulle skielik met 'n voorstel van die vloer af besluit dat hierdie bestaande belydenisse blykbaar vir hulle nie meer waar en volkome genoeg is nie. Hulle benodig nog 'n belydenis. Sonder om enige van die ander gereformeerde kerke te raadpleeg, het hulle haastig in die laatnagte van die sinodesitting 'n nuwe belydenis opgestel. Nou verwag hulle dat die ander gereformeerdes maar net daarby moet inval. Kerkeenheid is nou vir die VGKSA (die ou NG Sendingkerk) slegs te vinde binne die aanvaarding van die Belydenis van Belhar.

Slegs 'n klein groepie mense by Belhar se sinode het gevoel dat hulle sosiaal en polities onderdruk word. Die kerk moes opgeroep word om hulle te steun in hul bevrydingstryd. Die belydenis van Belhar is dus 'n situasiegebonde protes teen sekere sosiaal-maatskaplike probleme. Geen wonder dat vandag, 23 jaar na die ontstaan van Belhar, daar steeds geen ander kerk in die wêreld is wat kans gesien het om dit as belydenisskrif te aanvaar nie! Ds Mobaso is reg as hy sê: 'The Belhar Confession is purely the product and brainchild of the then DRMC' (Dutch Reformed Mission Church).

As ons dit vergelyk met die gereformeerde belydenisse, dan is die kontras soos nag teen dag. Die sinode van Dordrecht het in 1618-1619 baie gereformeerde kerke uit baie lande byeengeroep om die gemeenskaplike geloof saam uit te pluus en so die gereformeerde grondslag te bepaal.

Is Belhar 'n *Regula Fidei*?

Volgens Heyns en Jonker is 'n gereformeerde belydenis vir die kerk ook 'n *regula fidei* – 'n geloofsreël wat die ware geloof van die dwalinge onderskei. 'n Wesenlike element van elke belydenis is dat dit polemies gerig is teen allerlei vorme van kettery. Die gereformeerde belydenisse stel gewoonlik die waarheid positief, formuleer dit noukeurig om alle misverstande uit te skakel, en onderskei dan die leuen aan albei kante (links en regs) van die waarheid. Dit is in lyn met God se opdrag aan sy volk in Josua 1:7 en 23:6. 'n Pragtige voorbeeld van sulke gebalanseerde geloofsreëls kry ons in die Dordtse

Leerreëls wat die waarheid eers noukeurig formuleer en dan na links en regs die dwalings afwys.

Die belydenis van Belhar is nie 'n gebalanseerde geloofsreël nie, maar 'n eensydige prolesskrif wat van begin tot einde slegs oog het vir dwalings na regs, terwyl dit die dwalings na links nie net ignoreer nie, maar selfs huisves. As voorbeeld kan gekyk word na Belhar se belydenis oor versoening. Belhar verwerp alles wat die horisontale versoening tussen mense kan benadeel. Van die vele dwalinge wat versoening slegs horisontaal sien, en so die vertikale versoening tussen God en mens misken, word egter niks gesê nie. Sulke dwalinge word selfs in Belhar gehuisves deur sy taalgebruik wat aan die bevrydingsteologie ontleen is. Belhar is te eensydig om as *regula fidei* vir 'n gereformeerde kerk te dien.

Hoe tyd- en plekgebonde is Belhar?

Die gereformeerde belydenisse is slegs 'n gelowige naspreke van die Skrif. Daarom oorspan dit alle tye en plekke. Dit is nie tyd- of plekgebonde nie. Dit is geloofswaarhede wat die kerk oor die hele wêreld deur die eeue moet dra. 'n Ware gereformeerde belydenis verouder nooit. Al moet dit van tyd tot tyd opnuut vertaal word, bly dit vir elke gelowige altyd vars en aktueel.

Aangesien Belhar se oorsprong nie lê in 'n worsteling met die Skrif en sekere eksegetiese probleme nie,

maar in 'n bepaalde konkrete sosiaal-maatskaplike worsteling, is dit 'n baie tyd- en plekgebonde dokument. Selfs die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) wat in 1992 in Athene vergader het, het besluit om nie Belhar as belydenis te aanvaar nie aangesien dit 'te plek- en tydgebonde is om as 'n ekumeniese belydenisskrif vir kerke oor die wêreld opgeneem te word' (sien die artikel van dr Piet Meiring oor die GES in die NGTT nr 33(3) van 1992, p 354).

Is Belhar 'n formulier van eenheid of van verdeeldheid?

'n Belydenisskrif is vir die kerk 'n formulier van eenheid. Dit bind gelowiges saam in die waarheid. So bind die Apostoliese Geloofsbelydenis christene oor die hele wêreld saam in die een ware geloof. Die Drie Formuliere van Eenheid bind die gereformeerdes saam tot 'n eenheid.

Hoewel Belhar seker nog nie oud genoeg is om met die ander belydenisse te vergelyk nie, is dit sedert sy ontstaan duidelik dat Belhar gelowiges meer verdeel as saambind. Ons het in die vorige artikel gewys op die bloedspoor van verdeeldheid wat Belhar nalaat sover dit gaan. Dink maar aan die innerlike verdeeldheid binne die destydse NG Sendingkerk; die groot kerkskeuring binne die NG Kerk in Afrika plus al die hofsake wat daaruit gespruit het; die groot kerkskeuring binne die NG Kerk en stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk asook die huidige onrus binne die

NG Kerk. Die verskeurdheid rondom Belhar sneeubal steeds. Ons het sopas verneem van die NG Kerk Brakpan-Suid se gemeente waar byna die hele kerkraad (14 van die 18 lede) plus meer as die helfte van die lidmate besluit het om uit die NG Kerk te bedank. Een van hul groot probleme is die NG Kerk se besluit by Hartenbos om Belhar as belydenis van die beplande nuwe verenigde kerk te aanvaar.

Een ding is seker: Belhar kwalifiseer nie as formulier van eenheid nie, maar eerder as formulier van verdeeldheid.

Slotsom

Uit hierdie en die twee voorafgaande artikels is aangetoon waarom die belydenis van Belhar nie kwalifiseer as gereformeerde belydenis nie.

- Die Belharbelydenis het 'n vreemde oorsprong. Dit kom nie voort uit 'n teologiese worsteling met die Skrif nie, maar uit 'n politieke en sosiaal-maatskaplike stryd van 'n klein groepie mense. Dit verdeel christene om politieke eendersdenkendes saam te bind.
- Die Belharbelydenis is die draer van 'n vreemde teologie. Dit is sterk beïnvloed deur drukgroepe uit die bevrydingsteologie. Dit is in sonde ontvang en gebore. Dit is soos die Trojaanse perd wat 'n groot gevaar in sy binneste ronddra.
- Die Belharbelydenis dra nie een van die kenmerke van 'n ware gereformeerde belydenisskrif nie.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Nuwe agenda vir die kerk

Die Universiteit van Pretoria het besluit om af te sien van die jarelange gebruik om sy gradeplegtighede met Skriflesing en gebed te open. Neels Jackson spreek sy mening oor dié besluit in 'n artikel in *Beeld* van 5 Mei 2005 uit. Onder die opskrif 'Nuwe styl vir kerk ná UP se besluit' skryf hy:

Tukkies se onlangse besluit om sy gradeplegtighede nie langer met Skriflesing en gebed te open nie, is 'n interessante teken van hoe die rol van

die kerke en die Christelike godsdiens in die nuwe bedeling verander het. Ook interessant is dat daar eintlik min kerklike hane oor dié besluit gekraai het.

Die Skriflesing en gebed was die neerslag van 'n belangrike strewe wat 'n mens veral in gereformeerde kringe vind. Dit is die begeerte om nie net mense te kersten nie, maar ook die samelewing en samelewingstrukture. Dis die ideaal om die Koninkryk van

God te laat kom, om die wêreld om jou meer te laat lyk na 'n plek waar God regeer.

Iemand wat tien jaar gelede nou betrokke was by die proses om ons Grondwet te skryf, sê onlangs dat die oorweldigende aantal voorleggings wat hulle van die publiek gekry het, oor twee sake gegaan het. Die een was die doodstraf en die ander die verwysing na God in die aanhef. In die vorige bedeling het juis die

gereformeerde kerke, en veral die NG Kerk, toegang gehad tot die staatsmag om hul Koninkrykvisie gestalte te help gee. Hulle kon eenvoudig hul invloed gebruik om wette te laat maak om die samelewing te orden. As die kerk gedink het dis nie 'n goeie ding dat mense op Sondae handel dryf nie, kon hy 'n wet vra om dit te verbied. Hy kon bepaal wat mense kon lees of nie, wat hulle kon sien of nie. En so, het hy gedink, kon hy van Suid-Afrika 'n meer Christelike land maak.

Oor die skadukant van dié benadering het min mense destyds gedink of gepraat. Dit is goed soos dat die Christelike verwysings in die Grondwet nie kon keer dat die grootste onchristelikhede onder daardie Grondwet gepleeg is nie. Terwyl daar Christelik gebid is by Tukkies, is talle Suid-Afrikaners van dié instelling uitgesluit. Die manier waarop die Christelike godsdiens destyds, onder meer oor die radio, aan mense opgedwing is, het in baie gevalle niks gehelp om vir die kerk vriende te wen nie. Intendeel.

Maar nou het die kerke - genadiglik! - die mag verloor wat hulle gehad het. En ek hoor al hoe meer stemme uit kerklike kringe sê dat dit eintlik 'n bedekte seën vir die Christelike godsdiens is. Die vraag is hoe die kerke daarby aanpas, want dit is nie so maklik nie. Die een manier om dit te doen, sou wees om afstand te doen van die ideaal om op samelewingsvlak 'n bydrae te lewer. En 'n mens hoor soms iets daarvan as mense sê dat die kerk tog net nie by politiek betrokke moet raak nie. Kyk maar net in watter moeilikheid sy politieke betrokkenheid die NG Kerk in die verlede gedompel het.

Trek 'n mens dié benadering deur tot sy volle gevolge, laat dit jou met 'n godsdiens wat volledig op die individu gerig is, 'n godsdienstige benadering wat slegs daarop gerig is "om siele vir die Here te wen". 'n Ander manier van aanpas sou wees om na nuwe maniere te soek waarop die kerke kan help om van die wêreld waarin ons leef 'n beter plek te maak, 'n wêreld wat meer lyk soos God dit sou wou sien. Dis hierdie uitdaging waarmee daar al hoe meer in kerklike kringe geworstel word. Vandeesweek by 'n ringvergadering in Johannesburg hoor ek weer dat mense praat van dienslewering as die nuwe manier om dié ou ideaal

na te streef. Dis 'n soort taal wat al hoe meer in kerklike kringe gebruik word. Belangriker nog: dis iets wat al hoe meer neerslag vind in wat al bestempel is as duisende klein daade van barmhartigheid.

Dié nuwe tendens verteenwoordig 'n groot skuif. Pleks van die eertydse benadering van bo af, is dit 'n benadering van onder af. Pleks van 'n ou styl van doen waarin die kerk baie sigbaar en hoorbaar van groot platforms sy invloed uitgeoefen het, verteenwoordig dit 'n nuwe styl waarin die kerk sy werk, soos sout of suurdeeg, doen sonder dat dit gesien word. Die groot uitdaging nou is om op grondvlak, in gemeentes, al hoe meer maniere te vind om praktiese beslag te gee aan dié nuwe benadering. Op plekke gebeur daar reeds iets hiervan, maar dat daar nog heelwat meer gedoen kan word, ly gee twyfel nie. Teen dié agtergrond bied die land se groot probleme soos armoede, werkloosheid, vigs en dakloosheid ontsaglike geleenthede vir kerke. Dit laat formaliteite soos 'n Skriflesing en gebed by 'n gradeplegtigheid ook tot onbenullighede vervaag.

Met reg wys Jackson op die vermenging van kerk en staat in die verlede. Ook al is die NG Kerk Gereformeerd genoem, het dit in baie opsigte 'n Roomse inslag gehad. Die kerk regeer die staat. Die kerk skryf voor. Let wel: nie die Skrif nie, nie die Here nie, maar die kerk skryf voor. Daar is 'n beduidende verskil tussen dié twee. Die kerk wat voorskryf, skryf nog nie noodwendig die Woord voor nie. As die kerk voorskryf is dit geen waarborg dat gehoor word 'so sê die Here' nie.

Wat Jackson verswyg, is die vraag tot watter mate die staat onder die ou bedeling die kerk voorgeskryf het. 'n Mens wonder: wie het vir wie voorgesê wat om te preek en watter sake in wetboeke vas te pen? Slegs diegene wat by die intense 'meelewing' tussen kerk en staat betrokke was, sal weet.

Jackson stel in sy artikel voor dat die kerk onder die nuwe bedeling 'n veranderde agenda en werkwyse moet kry. Vergeet van inspraak in die regering en afdwing van gesag. Los dinge soos gesprekvoering oor christelike wetgewing en onbenullige formaliteite soos Skriflesing en gebed by 'n gradeplegtigheid. Konsentreer

op groot probleme soos armoede, werkloosheid, vigs en dakloosheid. Lê jou toe op duisende klein daade van barmhartigheid. Pleks van die eertydse benadering van bo af, is dit 'n benadering van onder af. Vervang die ou styl van doen waarin die kerk baie sigbaar en hoorbaar van groot platforms sy invloed uitgeoefen het, met 'n nuwe styl waarin die kerk sy werk soos sout of suurdeeg doen, sonder dat dit gesien word.

Die skuif wat Jackson voorstel is nie gering nie. Is dit 'n goeie skuif? Is dit wat die Opperherder van sy kerk op aarde verwag? Moet die kerk sy agenda en werkwyse verander? In sekere opsigte heel beslis. 'Kerkleiers' en 'Staatsleiers' moenie agter geslote deure saamsit en in die geheim uitmaak wat gepreek en op wetboeke neergepen sal word nie. Maar in dieselfde asem: die kerk van Christus het 'n roeping wat vanuit die hemel kom: 'Verkondig die Woord; hou daarmee aan – tydig en ontydig' (2 Timoteus 4:2); en 'Maak dissipels van al die nasies ... leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het' (Matteus 28:19); en 'getuig in voorkomende gevalle voor die owerheid' (Artikel 28 Kerkorde).

Jackson stel 'n ander agenda-aanpassing vir die kerk voor. Dienslewering in plaas van Woordbediening. Die oomblik as die kerk egter 'n diensorganisasie van watter aard ook al word, het sy haar Godgegewe roeping versmaak. As die bediening van die lewende Woord nie meer dié roeping van die kerk is nie, het die kerk in 'n welsynsorganisasie verander. Die rooi ligte brand helder. Om van staatsinmenging oor te slaan na 'n diensleweringorganisasie vir die staat is so goed as om 'n gat met 'n gat toe te maak. Die gat word net groter.

Die Woord moet bedien word. Die Woord moet oral bedien word. Nie omdat die kerk so sê nie, maar omdat die Woord God se Woord is. Dit is gevolglik 'n skreiende stuk agteruitgang dat Tukkies sy gradeplegtighede nie meer met Skriflesing en gebed open nie. Daarmee word die kerk nie 'op haar plek gesit nie', maar die enige ware God verswyg – asof Hy nie die Here van alle dinge, Tukkies ingesluit, is nie.

Missie en misie

Op 18 en 19 Maart 2005 is 'n sendingkonferensie by die Gereformeerde Kerk Rietvallei gehou. Verskeie sprekers, ook vanuit die buiteland, het insette met betrekking tot die sendingtaak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gelewer. Na afloop van die konferensie is die 'Rietvallei declaration on mission and the RCSA' uitgereik. In 27 punte word uiteengesit hoe die konferensie die kerke se sendingtaak in 2005 sien.

In die verklaring word die klem deurgaans op die noodsaak van suiwer bediening van die Woord gelê. Deur Woordbediening roep God diegene wat tot nou toe in duisternis leef na Hom toe (Verklaring, punt 2). Sending (missie) moet gerig wees op die verheerliking van God en die koms van sy koninkryk (Verklaring, punt 5). Deur Woordbediening op die sendingveld moet sondaars tot

bekering opgeroep word (Verklaring, punt 9). Kerke moet hoe langer hoe meer daarop gerig wees om die Woord nie net na binne nie, maar ook na buite uit te dra (Verklaring, punt 10). Die Woord moet laat hoor word oor konkrete probleme soos armoede, onreg, HIV, sinkretisme (vermenging van godsdienste), omgewingsprobleme en geweld (Verklaring, punt 24). God se heerskappy op alle lewensterreine moet duidelik en helder uitgespel word (Verklaring, punte 25 en 26). Bediening van die Woord moet ten alle tye deur aanbidding en aanroeping van God gedra word (Verklaring, punt 20). Ongelukkig ontbreek hierdie gerigtheid by talle kerke en individuele lidmate (Verklaring, punte 12 tot 18). Met ander woorde: daar is 'n gebrek wat betref die misie om die missie uit te voer.

Die verskil tussen die Rietvallei-verklaring en dit wat Neels Jackson voorstaan, is ooglopend. Tog is daar punte in die verklaring wat na die Jackson-standpunt van 'n owerheidsvriendelike dienslewingsorganisasie neig. Hande wat sondaars tot bekering oproep, moet ook hande wees wat oopgaan en daadwerklike medelye te midde van armoede, siekte, onreg en alle vorms van menslike ellende betoon (Verklaring, punte 7 en 21). Daarby word gepleit vir 'n multi-kulturele aanpak vanuit 'n multi-kulturele liggaam (Verklaring, punte 3 en 22).

In verband met die kerk se taak ten aansien van hulpverlening, is dit seer seker van besondere belang om nie net te praat nie, maar ook te doen. Die Woord moet gepreek én geleef word. Daar moet egter duidelik onderskei word tussen wat waar en hoe gebeur. Die kerk, die liggaam van Christus, het 'n duidelik omskrewe diakonale taak (vergelyk Kerkorde artikels 25 en 26). Hierdie diakonale taak moenie verwar word met die roeping van gelowiges om in die koninkryk saam te staan en hulp op verskeie vlakke te verleen nie. Kerklike sake moet van koninkryksake onderskei word, sonder om dit van mekaar te skei. Die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak) het in die uitlewing van die onderskeid

'n besondere bydrae tot die oprigting van verskeie diensorganisasies gelewer. 'n Gereformeerde Maatskaplike Verbond het tot stand gekom. So-ook 'n Gereformeerde Politieke Verbond. Die werk van die Verre Naastes is wêreldwyd goed bekend. Hierdie organisasies lewer diens aan mense in nood, maar ook aan die regering van die land en die hantering van arbeidsvraagstukke. Dit is geen kerklike sendingorganisasies wat onder toesig van 'n kerkraad staan nie. Dit is organisasies van gereformeerde broeders en susters wat in hulle amp van gelowige met die lewende Woord toegerus word sodat hulle in die koninkryk diensbaar kan wees.

In Suid-Afrika het soortgelyke organisasies tot stand gekom. Die Gereformeerde Stigting (tans Residentia Stigting) lê hom toe op die versorging van verswakte bejaardes. Die Aksie Reformatoriese Skoolonderrig beywer hom vir gereformeerde onderwys en opleiding van gereformeerde onderwysers (AROS). Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel, uitgewers van *Waarheid en Dwaling*, doen ondersoek na die wil van God oor verskeie aktuele samelewingsake. Hierdie organisasies is geen kerkorganisasies nie, maar word wel almal vanuit die kerke in hulle werk gestimuleer en onderrig. Die slotsom is: laat die kerk haar toelê op haar kerklike taak. Laat die sendelinge hulle op Woordbediening toelê. En laat die lidmate in hulle amp van gelowige besig wees in die koninkryk. Dan sal ons nie in die probleem van 'n kerkstaat of 'n staatskerk vasval nie.

Oor die multi-kulturele aanpak van sake sal daar DV by 'n volgende geleentheid meer gesê word. Dit is 'n onderwerp op sy eie.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031